Date : April, 26 , 2010 Publication : Beeld - Sake 24 Page Number : 19

Eskom-prentjie word donkerder, en nag in 2018

Arbeidsake
Jan de Lange

Dis taamlik logies: Ons ekonomie kan bitter min groei sonder genoeg elektrisiteit en sonder betroubare, standhoudende elektrisiteit.

Die elektrisiteitskrisis wat in 2006 begin het met die kragtekorte in die Wes-Kaap, in Januarie 2008 die mynbedryf verlam het en tot mnr. Jacob Maroga se beurtkragstelsel gelei het, was alles aanduidings dat Eskom, eens een van Suid-Afrika se ekonomiese ligbakens, aan die verval is.

Vir diegene wat tussen die lyne lees, is dit lankal duidelik dat Eskom nie oor die vermoë beskik om meer te groei nie.

Die elektrisiteitsreus het lankal wasdom bereik.

Die twee basis-kragstasies wat hy aan die bou is, Medupi en Kusile, gaan waarskynlik sy laastes wees.

'n Opsomming van die toekomstige vraag na elektrisiteit wys 'n ander prentjie. Die huidige opwekkingsvermoë van naastenby 40 000 MW, alles Eskom-krag, sal teen 2030 moet verdubbel as die land 'n groeikoers van gemiddeld 3% per jaar wil handhaaf. Dis die regering se eie ramings en om dit te doen, gaan sowat R1 200 miljard kos, maar omgewingskwessies en koolstofheffings maak dié skatting van die koste waarskynlik nutteloos.

Medupi gaan 4 000 MW daarvan voorsien. As Kusile gebou word, sal hy nog sowat 4 000 MW produseer. Maar daar hang groot vraagtekens oor Kusile – of Eskom hoegenaamd in staat gaan wees om die finansiering daarvoor bymekaar te kry en of dit hoegenaamd betalend gaan wees om nog só 'n steenkoolkragstasie te bou wanneer toekomstige koolstof-heffings uit omgewingsoorwegings in werking tree.

Sowat 32 000 MW sal dus van ander oorde as Eskom moet kom. As dit nie gevind word nie, gaan ons nie groei nie.

Dit kan net van die private sektor kom, maar die ANC moet sy alliansievennote nog oortuig dat die private maatskappye net so goed of beter elektrisiteit kan opwek en verskaf as Eskom.

'n Saak wat tot dusver min aandag gekry het, is dat Eskom teen 2018 sal moet begin om verskeie van sy bestaande kragstasies af te skakel.

Dis aanlegte wat teen daardie tyd só oud gaan wees dat hulle eenvoudig nie meer sal kan produseer nie.

Teen 2012, wanneer Medupi se eerste opwek-eenhede in bedryf gestel word, sal Eskom se reserwemarge herstel tot bokant 15%, maar van 2018 tot 2023 gaan dit weer tot minder as 15% daal as gevolg van die afskakeling van hierdie ou kragstasies, soos Hendrina en Arnot.

As daar nie binne die volgende twee jaar nog nuwe projekte op die been kom om kragstasies te bou nie, gaan daar teen die einde van hierdie dekade 'n herhaling wees van die gebeure in Januarie 2008.

Dit is dus lewensbelangrik dat dinge by Eskom so glad soos 'n horlosie loop.

Te oordeel na die verslag wat die DA-LP mnr. Pieter van Dalen verlede week rondgeswaai het voor me. Vytjie Mentor, voorsitter van die parlementêre portefeuljekomitee oor openbare ondernemings, gaan die regerende party se taak binnekort heelwat makliker wees.

Die verslag laat min twyfel: Dinge gaan beroerd by Eskom.

Mnr. Paul O'Flaherty, wat in Februarie by Eskom ingeval het as finansiële direkteur, was verlede week in die kruisvuur weens uitlatings dat Eskom dalk personeel sal moet verminder. Die National Union of Metalworkers (Numsa) en Solidariteit het dadelik die lang messe vir O'Flaherty begin uithaal, veral omdat daar nou loononderhandelinge by Eskom gevoer word en daar niks oor arbeidsbesnoeiing gesê is nie.

O'Flaherty, wat finansiële direkteur van Murray & Roberts was voordat hy by Eskom aangestel is, het sy standpunt aan *Sake24* uitgestippel. "As ons tariefverhogings van 25% vir drie jaar na mekaar van die publiek eis, sal ons moet seker maak dat dié verhogings reg gebruik word en dat daar geen onnodige vet in Eskom is nie. Ek is bloot van plan om dit te doen."

As Numsa en Solidariteit nie geweet het waarvan hy praat nie, het Van Dalen se uitgelekte verslag dit hopelik opgeklaar. Die verslag wys dat die gemiddelde salaris van 'n Eskom-werknemer R37 515 per maand is; dat sowat 35% van die krag wat Eskom aan huishoudings lewer, gesteel word en dat wanbetalings veral in Gauteng 'n enorme probleem is.

Dis nou afgesien van die elektrisiteit wat in die 2009-boekjaar teen 12c/kWh aan BHP Billiton se Mozal-smelter gelewer is terwyl die res van die land 31,2c/kWh betaal.

Die prysprobleme met Billiton se smelters gaan hopelik opgelos word, maar in die komende jare gaan ons elektrisiteitsbedryf dramaties verander. Pryskwessies en samewerking gaan deurslaggewend wees daarin.

Die wetlike raamwerk vir private kragopwekkers kon jare gelede al afgehandel gewees het. As dit was, sou ons waarskynlik nie vandag met die probleme gesit het wat nou dreig om ons te verswelg nie. Maar die raamwerk kan vinniger van die grond af kom as wat mense dink: die oomblik dat die regte bemagtigingsrolspelers gereed is daarvoor.

Terloops, CIC Energy van Kanada, wat al twee jaar lank wag om 'n elektrisiteitsooreenkoms met Suid-Afrika te sluit sodat hy 'n steenkoolkragstasie in die Mmamabula-steenkoolveld in Botswana kan begin bou, het verlede week 'n vennoot gekry.

Dis niemand anders nie as mnr. Robert Gumede, stigter van die Gijima-groep van maatskappye wat in inligtingstegnologie bedrywig is. Hy is 'n vriend van pres. Jacob Zuma.

Gumede het met 'n enkele tjek R10 miljoen tot verlede jaar se ANC-verkiesingsveldtog bygedra. Hy was ook die afgelope weke in die moeilikheid weens wanprestasies met 'n kontrak van R3,9 miljard met die sukkelende departement van binnelandse sake.

Waarom kry 'n mens só 'n vennoot as jy 'n kragstasie wil bou? Het ons nie al genoeg bitter vrugte geproe nie?